



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Navorsingsinfrastruktuurbeleid

Verwysingsnommer	9P/9.1.7
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
Beleideienaar	Direkteur: Navorsingsondersteuning
Verantwoordelike afdeling	Navorsingsondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	20 Junie 2014
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2016
Prosedures ingevolge hierdie beleid	Geen
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels
Adres op die beleid-databasis	RMA SHARE: Policies/9P/9.1.7_a

Navorsingsinfrastruktuurbeleid

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met 'n unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie Navorsingsinfrastruktuurbeleid op 20 Junie 2014 aanvaar.

2 Doel van die beleid

Die doel van hierdie navorsingsinfrastruktuurbeleid is om 'n gefokusde benadering tot die bestuur van navorsingsinfrastruktuur (NI) te verskaf, om te verseker dat navorsers aan die NWU navorsingsuitsette van hoogstaande gehalte kan lewer. Die beplannings-, befondsings- en bestuursprosesse soos beskryf in hierdie beleid is gemik op die bereiking van beste praktyk, gebaseer op die rigting wat ander soortgelyke navorsingsorganisasies in die wêreld inslaan en die nasionale strategieë wat vir navorsingsbefondsing en NI-befondsing ontwikkel word.

3 Omvang van Beleid

Hierdie beleid moet gelees word saam met die Institusionele Strategie vir Navorsing en Innovasie wat jaarliks deur die Senaat goedgekeur word. Hierdie beleid moet ook gelees word in die konteks van die NWU se missie om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte – basies sowel as toegepas – voort te bring, en sodoende innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom. Voorts, soos gestel in die Institusionele Plan, *streef die NWU daarna om 'n gebalanseerde onderrig-navorsingsuniversiteit*¹ te word met 'n groeiende derdegeldstroominkomste uit kommersialisering en 'n beduidende impak deur gemeenskapsverbintenis.

4 Definisies

Navorsingsinfrastruktuur (NI) sluit in fasiliteite, hulpbronne en dienste wat deur die wetenskapsgemeenskap oor alle dissiplines heen gebruik word vir die doen van navorsing vir die generering, uitruil en bewaring van kennis. Dit sluit in groot fasiliteite, toerusting of stelle instrumente, samewerkende netwerke en kennisbevattende hulpbronne soos versamelings, argiewe en data- en biobanke. Navorsingsinfrastruktuur kan “enkelperseel-”, “verspreid”, of “virtueel” (die diens word elektronies verskaf) wees. Dit sluit in kuberinfrastruktuur om hierdie fasiliteite en mense te verbind en gestruktureerde inligtingstelsels verwant aan databestuur, instaatstellende inligting en kommunikasie. NI gaan oor die fisiese wetenskappe, ingenieurswese, lewenswetenskappe, sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe, en die omgewing.

5 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU dat Navorsing gedoen word in geïdentifiseerde Navorsingsentiteite wat innoverende navorsing en innovasie vir die ekonomiese ontwikkeling van die land, die kontinent en die wêreld bevorder.² Met inagneming van die finansiële beperkings waarbinne die NWU funksioneer, sal die nodige navorsingsondersteunende infrastruktuur deur die NWU ontwikkel en gehandhaaf word.

Beginsels:

- Die NWU sal deur sy strukture die totale koste van eienaarskap van die infrastruktuur, insluitende ondersteuningsinfrastruktuur, verkrygingskoste, installasiekoste, lopende uitgawes, versekering, uitbedryfstelling, navorsing en ander uitsette, bestuur.
- Die NWU sal navorsingsinfrastruktuur bekostig binne die finansiële beperkings wat daarop geplaas word. Medebefondsing moet ook by eksterne bronne gevind word, soos die NNS se Nasionale Toerustingsprogram, TIA, of enige ander bron.

¹ Daar is algemene konsensus dat dit nou bereik is. Sodra 'n proses vir die formulering van 'n nuwe missiestelling voltooi is, sal hierdie stelling bygewerk word.

² Sien die Navorsings- en Innovasiebeleid, goedgekeur deur die Raad in September 2013.

- Betekenisvolle sentralisering t.o.v. deling, benuttingsbestuur, kosteverhaling, ekonomie van skaal, vermyding van duplisering, ens. sal bevorder word.
- Personeelsake soos vakspecialiste, operateurs, ondersteuningspersoneel, opleiding wat nie gedek word in die aanvanklike verkrygingskontrak nie, en enige ander personeelsake, sal op die normale manier voor begroot word.
- Die NWU sal 'n begroting hê om voorsiening te maak vir buitengewone instandhouding, waar dit nie gedek word deur die versekering of normale instandhoudingskontrakte nie.
- Die NWU sal daarna streef om 'n virtuele infrastruktuurbestuurstelsel tot stand te bring wat alle inligting sal stoor en verskaf wat nodig is om sy infrastruktuur doeltreffend te bestuur.
- Opleidingslaboratoriums word nie as NI beskou nie.

6 Implementering

Hierdie Beleid sal deur die NI-strategie geïmplementeer word, soos beskryf in Bylae A.

Navorsingsinfrastruktuurstrategie

1 Inleiding

Die doel van hierdie strategie is om 'n gefokusde benadering tot die bestuur van navorsingsinfrastruktuur (NI) te verskaf, om te verseker dat navorsers aan die NWU navorsingsuitsette van hoogstaande gehalte kan lewer. Die beplannings-, befondsings- en bestuursprosesse soos beskryf in die Strategie is gemik op die bereiking van beste praktyk, gebaseer op die rigting wat ander soortgelyke navorsingsorganisasies in die wêreld inslaan en die nasionale strategieë wat vir navorsingsbefonding en NI-befonding ontwikkel word.

Kleiner, minder duur toerusting wat nie by hierdie Strategie ingesluit word nie moet gekoop en bestuur word volgens bestaande begrotingsprosesse, en vereis nie noodwendig die gedetailleerde vlak van beplanning soos wat in die Strategie uiteengesit word nie. Die afsnypunt vir formele beplanning word gestel op NI bo die huidige waarde R200 000.

Die NWU het 'n verskeidenheid NI-bestuursmodelle, wat mekaar in die verskillende toepassingsomgewings aanvul. Vir die selfondersteunende toerustingintensiewe navorsingsfasiliteite moet die huidige praktyk gehandhaaf word, ondersteun deur hierdie Strategie.

2 Definisies

Die volgende definisies is belangrik vir die daarstel van 'n gedeelde begrip van die NI-landskap:


Navorsingsinfrastruktuur (NI) sluit in fasiliteite, hulpbronne en dienste wat deur die wetenskapsgemeenskap oor alle dissiplines heen gebruik word vir die doen van navorsing vir die generering, uitruil en bewaring van kennis. Dit sluit in groot fasiliteite, toerusting of stelle instrumente, samewerkende netwerke en kennisbevattende hulpbronne soos versamelings, argiewe en data- en biobanke. Navorsingsinfrastruktuur kan “enkelperseel-”, “verspreid”, of “virtueel” (die diens word elektronies verskaf) wees. Dit sluit in kuberinfrastruktuur om hierdie fasiliteite en mense te verbind en gestruktureerde inligtingstelsels verwant aan databestuur, instaatstellende inligting en kommunikasie. NI gaan oor die fisiese wetenskappe, ingenieurswese, lewenswetenskappe, sosiale wetenskappe en geesteswetenskappe, en die omgewing.

Goed toegeruste laboratorium: 'n Goed toegeruste laboratorium beskik oor die minimum vlak van toerusting, teen 'n aanvaarbare kwaliteit en kwantiteit beskikbaar ter ondersteuning van navorsing wat deel is van die strategiese plan van 'n individu, departement, navorsingsgroep of instansie. Sulke toerusting word bekom om 'n wye reeks navorsingsprojekte, of 'n spesifieke navorsingsprojek, te ondersteun. Toerustingaankope word befonds deur navorsingstoekennings van individue, departemente, navorsingsgroepe of instansies. Langtermynplanne vir die volhoubaarheid van 'n goed toegeruste laboratorium bestaan om die mededingende voordeel van die individu, departement, navorsingsgroep of instansie te verseker. 'n Goed toegeruste laboratorium is 'n voorvereiste vir die huisvesting van infrastruktuur van wêreldgehalte.

Infrastruktuur van wêreldgehalte: Infrastruktuur van wêreldgehalte verwys na ultramoderne NI vir mededingende navorsing en navorsingsopleiding. Dit sluit in NI vir gebruik deur meer as een dissipline en NI wat gewoonlik befonds word op 'n nasionale, streeks- of inter-institusionele vlak. Sodanige NI pas dikwels in by nasionale wetenskaps-, tegnologiese en industriële strategieë en vereis dikwels gespesialiseerde bedryfs- en bestuursomgewings waar die gebruiker nie noodwendig die NI bedryf nie. NI van wêreldgehalte het gewoonlik 'n lang lewensiklus en word gewoonlik ondersteun deur 'n goed toegeruste laboratoriumomgewing.

Infrastruktuurlewensiklus: Die lewensiklusbenadering het 'n wye strategiese impak en moet te volle ontplooi word in beplanning, begroting en bestuur van NI.

Figuur 1 toon die NI-lewensiklus en die belangrike stappe in die siklus. Dit is belangrik dat NI verkry en toegepas moet word volgens die institusionele doelwitte. Hierdie doelwitte dryf die prioriteite vir die verkryging en ontplooiing van NI. Alvorens NI verkry word, is dit van die uiterste belang om die volle lewensikluskoste te bepaal en nie net die kapitale uitleg wat vereis word vir die verkryging van die NI nie.



Figuur 1: NI-lewensiklus:

3 Tipes NI

Die volgende tipes N word deur die Strategie gedek:

3.1 NI gebou deur oorspronklike vervaardigers

Dit sluit in alle NI aangekoop as volledige werkende eenhede of komponente en toebehore by bestaande NI-items wat vervaardig is deur internasionale oorspronklike vervaardigers en óf direk óf deur agentskappe in Suid-Afrika verskaf is.

3.2 Selfontwikkelde NI

Self-ontwikkelde NI, deur instrumentmakers of navorsingspersoneel by die Universiteit, moet ingesluit word in die beplannings- en befondsingsproses. Sulke NI is, weens die gespesialiseerde aard daarvan, dikwels nie op die mark beskikbaar nie en moet intern ontwikkel word. Oor die algemeen is die beleid dat NI aangekoop moet word wat kommersieel beskikbaar is en aan die spesifikasies vir die navorsing voldoen, met dien verstande dat die prys nie buitensporig is nie.

3.3 Berekeningsfasiliteite

Berekeningstoerusting word soos volg onderskei:

3.3.1 Hoëprestasieberekeningkluster (HPBK)

Die HPBK aan die Universiteit word deur die IT-departement onderhou.

3.3.2 Gevorderde werkstasies saamgevoeg in 'n netwerk om spesifieke navorsing te hanteer

'n Voorbeeld is die taaltegnologielaab (CTeXt). Dit is 'n toegewyde laboratorium waar die persoonlik rekenaars vir 'n spesifieke navorsingsfokus gebruik word. Daar word vir sulke fasiliteite begroot onder die normale befondsingskemas wat in hierdie Strategie uiteengesit word.

3.3.3 Beheerrekenaars, geïntegreer met NI

Hierdie rekenaars moet ingesluit word as 'n integrale deel van die NI. Hierdie rekenaars sal val onder die instandhoudings-, opgraderings- en vervangingsbeleide van die Strategie.

4 Verantwoordelikhede

4.1 Bestuursverantwoordelikheid

Die AVK: NIT in oorleg met die navorsingsgemeenskap is verantwoordelik vir die ontwikkeling van hierdie Strategie.

Lynbestuurders (Viserektors: Navorsing, Dekane en Navorsingsentiteitdirekteurs/-leiers) is verantwoordelik vir die uitvoer van hierdie Strategie, met die bystand van die Navorsingsondersteuningskantoor, Biblioteke en die ander oorlegplegings- en koördineringsmeganismes wat in hierdie dokument geskep en beskryf is. Navorsingsentiteitdirekteurs/-leiers is verantwoordelik vir die lewensiklusbeplanning verwant aan NI. Hierdie taak word toegewys aan die betrokke Dekaan indien NI verkry word en moenie aan navorsingsentiteite gekoppel word nie.

Lynbestuurstake sluit in:

- Bestuur van die beplannings- en begrotingsiklusse vir NI as 'n geïntegreerde aktiwiteit met bestaande navorsingsplanne en begrotingsprosesse.
- Optimalisering van die impak van NI op hoëgehalte navorsingsuitset.
- Bestuur van die gebruik van NI om optimale gebruik uit NI te kry.
- Verseker optimale toegang van NI tot ander bestuurseenhede binne die NWU.

4.2 Die Navorsingsteunfunksie

Die Institusionele Navorsingsondersteuningskantoor is verantwoordelik vir die implementering van die ondersteuningsfunksies m.b.t. hierdie Strategie. Take sluit in:

- Koördinerings van die vraag na NI, die evalueringsproses en prioritering van versoeke gebaseer op die insette van Navorsingsondersteuningskantoor, lynbestuur en die betrokke navorsers.
- Voorsiening van geskikte bestuursinligting oor NI deur die Virtuele Toerustingstoor op die Intranet.
- Monitering van en verslagdoening oor die doeltreffende en optimale gebruik van NI deur die betrokke lynbestuurders wat verantwoordelik is vir NI.

4.3 Eienaarskap van NI

Alle NI behoort aan die NWU, ongeag of NI gekoop is met eerste-, tweede- (toekennings), of derdegraadstroombefondsing. Die verkrygingsafdeling van die NWU is verantwoordelik vir versekering van NI en die insleutel van toepaslike inligting op die NWU se bestuursinligtingstelsel. "Eienaarskap" van NI verwys na kostepunttoewysing, verantwoordelikheid vir bestuur, instandhouding, monitering en verslagdoening van NI-gebruik, beskikbaarheid en bedryf en verantwoordelikheid vir die verantwoordelike gebruik en optimale deling.

4.4 Addisionele Vereistes

Die volgende addisionele vereistes geld:

- Toegang moet op 'n vooraf ooreengekome basis aan alle gebruikers gewaarborg word, tensy NI as toegewys verklaar is.
- Bedryfs- en wetenskaplike ondersteuning moet aan gebruikers verskaf word wanneer NI gebruik word.
- Toegang moet gewaarborg word tot alle data wat gedurende eksperimente vir 'n 'eksterne' gebruiker geakkumuleer word.
- Gespesialiseerde NI met spesiale bedryfsvereistes kan slegs deur gepas opgeleide personeel bedryf word.
- Dit word aanbeveel dat alle gebruikers (insluitende interne gebruikers) 'n vooraf ooreengekome tarief betaal, insluitende 'n komponent vir werklike koste, instandhouding, opgradering en vervanging van die NI.

5 NI-strategie

Hierdie Strategie handel slegs oor NI. NI kan in twee hoofklasse onderverdeel word (*sien definisies*):

- Goed toegeruste laboratorium
- Infrastruktuur van wêreldgehalte

Om hierdie Strategie te bereik, stel die Universiteit die volgende doelstellings vir NI:

- Die Universiteit sal homself toerus tot op 'n vlak waar dit internasionaal mededingend en plaaslik relevant sal bly. Die Universiteit sal daarna streef om die beste toegeruste universiteit vir navorsing van wêreldgehalte in geselekteerde navorsingsentiteite te wees – en die eerste keuse vir navorsers van die instansie en elders om hul navorsing by te doen.
- Bestaande bestuurstrukture sal so ver moontlik gebruik word om die bestuur van NI in te sluit.
- Erkenning, op die hoogste vlak, van die belangrikheid van NI in die sukses van die totstandbrenging van die Universiteit as 'n navorsingsleier.
- Verbintenis, op die hoogste vlak, tot 'n volhoubare NI-begroting.
- Implementering van hierdie Strategie sal deur die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning wees.
- Optimale aanwending van nasionale NI-fondse soos die NNS se toerustingsprogram, die NNS se Toerustingleningsprogram en privaatsektordeelname.

5.1 Prioritiserings van NI

Die volgende aspekte moet in ag geneem word wanneer die prioriteit van NI bepaal word.

5.1.1 Strategiese belyning

- Die NI moet belyning wees met die strategieë van die NWU, soos vervat in die onderskeie beleide en prosedures wat navorsing dryf.
- Die NI moet belyning wees met die strategiese plan van 'n NWU-goedgekeurde Navorsingsentiteit of Fakulteit.
- Die NI moet 'n bydrae lewer tot die uitsette van die NWU. In volgorde van prioriteit sal dit insluit navorsingspublikasies (artikels, boeke, en konferensiebydraes), studente-uitsette, kontraknavorsing, generering van kommersiële inkomste, ens.
- Die uitsetrekord van die groep, soos hierbo beskryf, moet in ag geneem word.

5.1.2 NI-tipe

Benutting van die NI deur verskeie groepe moet oorweeg word: Studente (M, D), enkelnavorsers of 'n groep navorsers, in 'n enkele entiteit of oor grense van entiteite, fakulteite, instansies en lande heen.

Groter prioriteit moet verleen word aan NI wat gebruik kan word vir 'n verskeidenheid doeleindes, en in verskillende navorsingsprogramme. Omstandighede vereis egter soms enkeldoelige NI in 'n beheerde omgewing.

Die verhouding tussen die onderskeie NI's van die NWU moet in gedagte gehou word. Prioriteit moet verleen word aan NI wat ook die vermoë van ander NI binne die NWU sal verhoog.

5.1.3 Wetenskaplike motivering

Die wetenskaplike meriete van NI moet geëvalueer word, maar kan slegs gedoen deur eweknieë wat in 'n soortgelyke veld werksaam is. Om hierdie rede moet elke fakulteit die wetenskaplike meriete van NI oorweeg voordat 'n aansoek vir befondsing oorweeg kan word.

5.2 Lewensiklusbeplanning

Slegs voorstelle vir nuwe NI wat goed ondersteun word deur navorsingsbesigheidsplanne en volle lewensiklusbeplanning van NI sal oorweeg word. Sodanige lewensikluskosteberekening moet volle lewensikluskostes insluit en sal insluit:

- Koste van uitvoerbaarheidstudie om die beste verkoper te identifiseer;
- Kapitale koste vir verkryging van die NI;
- Koste van vervoer, installasie, ingebruikstelling en opleiding;
- Versekeringskoste;
- Instandhoudingskoste;
- Depresiasiemodel vir die verkryging van fondse vir opgraderings en vervanging;
- Koste van operateur en tegniese assistent;

- Koste vir wegdoening van NI.

Rollende planne vir vier tot sewe jaar moet ontwikkel en gehandhaaf word. Navorsingsentiteitsdirekteurs/-leiers is verantwoordelik vir lewensiklusbeplanning.

5.3 Sentralisering van NI

Betekenisvolle sentralisering t.o.v. deling, benuttingsbestuur, kosteverhaling, ekonomie van skaal, vermyding van duplisering, ens. sal bevorder word. Die voordele van sentralisering word hieronder genoem

- Toeganklikheid van NI vir 'n wye verskeidenheid gebruikers;
- Die saamgroepering van NI met komplementêre vermoëns en reekse;
- Vermyding van duplisering en die skep van oorkapasiteit in NI;
- Maksimalisering van tegniese en operateursondersteuning;
- Minimalisering van NI-aftyd deur uitskakeling van baie verskillende operateurs op NI;
- Aanmoediging van navorsingsamewerking tussen navorsers van verskillende dissiplines;
- Optimalisering en beheer van inkomstegenererende aktiwiteite op NI;
- Optimalisering van gebruik van duur NI;
- Sentrale bestuur ter verbetering van produktiwiteit van NI;
- Gedeelde koste van infrastruktuur en dienste;
- Meer bedingingsmag teen verskaffers van kapitale goedere en dienste;
- Beter sekuriteit en verbeterde versekeringspolisse;
- Afbreek en koppeling van silo's tussen fakulteite en navorsingsentiteite.

Die volgende vlakke van sentralisering kan as riglyne gebruik word:

- Generiese tipes NI wat op universiteitsvlak gesentraliseer moet word, sluit in:
 - Mikroskopie (elektron-, konfokale, skanderingssondeerder-, ens.);
 - Oppervlakanalise (XPS, SIMS, Auger-elektron-spektroskopie);
 - Samestellings- en strukturele ontleding (Hoëfrekwensie-kernmagnetieseresonansie-spektroskopie, X-straaldiffraksie, X-straalfluoresensiespektroskopie, Hoëresolusiemassaspektrometrie);
 - Versamelings (fossiele, literatuur, herbariums, dierkundemonsters, ens.).
- Generiese tipes NI vir sentralisering op navorsingsentiteitvlak of instituut- of skoolvlak sluit in:
 - Analitiese Dienste (HPLC, GC-MS, ICP-MS, Massaspektroskopie, Infrarooispektro-fotometrie);
 - Biotegnologiese ontleding (DNS-sekwensering, inkubators, seltellers, ens.).

Fakulteite word aangemoedig om NI te sentraliseer waar prakties uitvoerbaar.

5.4 Multigebruik van NI

Multigebruiker-NI is NI wat gedeel word deur meer as een navorser, navorsingsgroep of dissipline van binne of buite die Universiteit. Riglyne vir multigebruik sluit in:

- Waar moontlik moet duur aangekoopte NI-items beskikbaar gestel word in die multigebruikermodus;
- NI met unieke eienskappe of spesifikasies moet beskikbaar wees vir multigebruik;
- NI wat nie hoëkapasiteitgebruik ervaar nie, moet beskikbaar wees vir multigebruik;
- NI wat moeilik aangebied kan word vir multigebruik:
 - NI wat toegewy is aan 'n spesifieke navorsingsomgewing;
 - NI wat monsters hanteer wat teen kontaminasie beskerm moet word;
 - NI wat in 'n toegewyde navorsingslyn ingebou is of wat in 'n koppelvlak is met ander NI;
 - NI wat reeds op volle kapasiteit gebruik word;

- Roetineontleding-NI.

6 Finansiële Oorwegings

6.1 Befondsing vir nuwe NI

'n Gereelde jaarlikse siklus vir die aansoekdoening vir NI-befondsing van die Universiteit is deur die Institusionele Navorsingsondersteuningskantoor geïmplementeer. Die kriteria soos beskryf in hierdie dokument geld vir die toewysing van fondse en vir die prioriteite soos gestel deur die aansoekers. Fondse word só toegeken dat navorsingsimpak gemaksimaliseer word.

Gesentraliseerde NI, gebruik deur meer as een bestuursentiteit (oor kampusse/fakulteite/navorsingsentiteite heen) moet beplan word op die basis van deelname deur alle betrokke bestuurstrukture, onder leiding van die Navorsingsondersteuningskantoor. Die begroting en bestuur van so 'n fasiliteit word dan toegewys aan die betrokke navorsingsentiteit.

6.2 Befondsing vir instandhouding

Instandhoudingsfondse word op kampus- en fakulteitsvlak gevestig, behalwe waar selfondersteunende toegewysde NI-fasiliteite betrokke is. Hierdie instandhoudingsfondse behoort voldoende te wees vir beplande instandhouding en voorkomende instandhouding. Waar moontlik behoort grootmaat- of terreininstandhoudingskontrakte gevestig te word deur die navorsingsentiteit wat verantwoordelik is vir die NI. Die gepaardgaande kostes word terugverhaal by gebruikers van die NI deur middel van 'n NI-gebruiksfooi.

6.2.1 Dringende Vervanging/Instandhouding

Onvoorsiene, dringende vervanging en instandhouding wat nie gedek is in die behoorlike lewensiklusbeplanning en gereelde instandhouding van NI soos hierbo beskryf nie, word sentraal voor begroot. Indien onvoorsiene, dringende vervanging of instandhouding nodig is, word die betrokke kampusviserektor in kennis gestel vir onmiddellike oorweging en 'n aanbeveling aan die AVK: NIT. Toepaslike maatreëls m.b.t. delegering en kostepunttoegang maak voorsiening vir vinnige verkryging van vervanging of instandhouding.

6.3 Befondsing vir opgradering of vervanging

Befondsing vir opgradering en vervanging vorm deel van die NI-lewensiklus. NI-opgradering en vervanging word beplan, geprioritiseer en befonds as deel van die normale NI-verkrygingsproses.

6.4 Bemaking van NI

Lynbestuurders wat verantwoordelik is vir NI is verantwoordelik vir die optimale gebruik van daardie NI. Die toepassing van kundigheid, een van die kernfunksies van die Universiteit, sluit in die optimale gebruik van NI en fasiliteite vir gemeenskapsuitreikprogramme en vir kommersiële gebruik.

Die aanwending van NI om derdegeldstroominkomste te verdien, word aangemoedig, met dien verstande dat die beskikbaarheid van NI nie gekompromitteer word nie, want navorsing geniet prioriteit. Voorsiening moet gemaak word vir die verhaling van die pro rata-koste m.b.t. die instandhouding, opgradering en vervanging van die NI van die eksterne gebruikers.

6.5 Ontwikkel en maak 'n openbare databasis op NI

Die Universiteit onderhou 'n NI-databasis (die virtuele Toerustingstoor) binne die Institusionele Departement Navorsingsondersteuning wat op die Intranet gepubliseer word om die staat van beskikbare NI te toon. So 'n databasis wys watter tipes NI beskikbaar is by die instelling en bied toegang tot die NI. Die kriterium van R200 000 vir vervangingswaarde in hierdie Strategie word gebruik as 'n laer afsnypunt. Die Universiteit se bateregister lys alle kapitale NI insluitende items onder die afsnywaarde.

6.6 NI-versekering

'n Sentrale NI-versekeringpolis word gehou deur die Uitvoerende Direkteur van Finansies. Hierdie polis word aangepas soos wat nuwe NI op 'n gereelde basis aangekoop en bygewerk word.